testpapers.co.za

Education and Sport Development

Department of Education and Sport Development
Departement van Onderwys en Sportontwikkeling
Lefapha la Thuto le Tlhabololo ya Metshameko

NORTH WEST PROVINCE

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

## SEPTEMBER 2019

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 17 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming | (10) |
| AFDELING C: | Taal | (40) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op ŉ NUWE bladsy.

4. Trek ŉ streep na elke afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat ŉ reël oop na ELKE antwoord.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Beplan jou tyd só:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 50 minute |
| AFDELING B: | 30 minute |
| AFDELING C: | 40 minute |

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

## VRAAG 1: TYDSKRIFARTIKEL

Lees die tydskrifartikel hieronder deur en beantwoord die vrae wat volg.

## TEKS A

### WATER! SPAAR ONS GENOEG?

**Te midde van waterbeperkings, boetes en vooruitskattings oor of Kapenaars die winter gaan haal voor die krane opdroog, word die vraag gevra: "Hoeveel water is genoeg?"**



1 "Suid-Afrika het al baie droogtes beleef en oorleef. Terwyl die huidige droogte nie noodwendig die ergste droogte ooit is nie, moet mense besef dat dit die eerste droogte is waar ons water aan 54 miljoen mense moet voorsien." So sê dr. Willem de Clercq, 'n waternavorser aan die Universiteit Stellenbosch se waterinstituut. Hy verduidelik waarom mense se houdings en praktyke ten opsigte van water móét verander.

2 Die Kaapse stadsraad moet deesdae water voorsien aan meer as agt miljoen mense. "Die hoeveelheid water wat Kaapstad in sy begroting per jaar het, is reeds rofweg meer as dubbel dié van tien jaar gelede," verduidelik De Clercq.

3 Anton Bredell, Wes-Kaapse minister van plaaslike regering en omgewingsake, het verlede week gewaarsku dat munisipaliteite en die Wes-Kaapse regering móét beplan om binne die volgende 18 jaar water aan 'n verdere twee miljoen mense te voorsien.

4 Daar is ook ander faktore wat tot groot bekommernis lei. Dit is nie net die bevolkingsgroei nie, maar ook dinge soos klimaatsverandering en aardverwarming.

5 “Ons leef in ’n tyd van groot veranderings ten opsigte van klimaat en seisoene. Dit veroorsaak weer groot probleme vir die landbou, werkverskaffing en die vermoë van boere om inkomste te genereer. Al hoe meer mense stroom van die platteland na die stede en al hoe meer water word benodig,” sê De Clercq.

6 Hoeveel water is dan genoeg? Prof. Neil Armitage van die Universiteit van Kaapstad draai nie doekies om met sy antwoord nie. “Mense moet minder, báie minder water gebruik.”

7 Die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) beveel aan dat 50 liter water per persoon per dag voldoende is vir ’n middelklasleefstyl. Die gemiddelde waterverbruik in Kaapstad is soos in ander stedelike dele van die land, sowat 200 liter per persoon per dag.

8 Die skokkende werklikheid hiervan is dat die meeste van die water gebruik word om grasperke nat te maak en toilette te spoel. Die strenger wetgewing en watertariewe in die Kaap behoort te help. Wanneer dit jou sak raak, sal jy twee keer dink voordat jy die kraan oopdraai.

9 Kapenaars is nie alleen as dit kom by die gewoonte om krane groot oop te draai nie. Volgens Randwater gebruik ’n gesin van vier enige iets tussen 300 en 800 liter water per dag.

10 Departemente, stadsrade en private besighede maak te veel staat op oppervlakwater. Almal sal moet saamwerk om alternatiewe waterbronne te ontgin. Wanneer damvlakke aangekondig word, reflekteer dit nie noodwendig die werklikheid nie. Wanneer ’n dam minder as 25% vol is begin daar slik saam met die water deur die pype beweeg. Dit veroorsaak allerhande probleme met pypstelsels en die suiwering van water. Dit bemoeilik die taak van stadsrade om suiwer water aan verbruikers te verskaf. Sulke water smaak ook glad nie goed nie en dit beteken dat mense drinkwater moet koop.

11 Kenners praat dikwels oor ander alternatiewe soos die ontsouting van water uit die oseaan. Dit is egter ’n baie duur proses en mense sal dus baie meer vir water moet betaal.

12 Selfs al reën dit genoeg en word al die damme weer vol, sal almal anders na waterverbruik móét kyk. Daar is eenvoudig net te veel mense wat van water voorsien moet word. Indien ons nie leer om water te spaar en net vir noodsaaklikhede te gebruik nie, sal daar later net eenvoudig nie genoeg vir ons almal wees nie.

[Verwerk uit: www.Netwerk24, 14 Februarie 2017]

**LET WEL:**

- Beantwoord AL die vrae.
- Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

1.1 Kyk na die hoofopskrif van die artikel.

Noem TWEE maniere waarop die hoofopskrif beklemtoon word. (2)

1.2 Hierdie droogte is nie noodwendig die ergste droogte ooit nie. (Paragraaf 1)

Verduidelik waarom hierdie droogte anders as die vorige droogtes is? (1)

1.3 Dr. Willem de Clercq is iemand wat baie van water en waterverbruik weet.

Hierdie stelling is WAAR. Skryf EEN woord uit paragraaf 1 neer as bewys daarvoor. (1)

1.4 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die letter (Aï D) langs die vraagnommer (1.4) neer, bv. 1.4 E.

Die Kaapse stadsraad verskaf <u>nou</u> water aan agt miljoen mense. Aan hoeveel mense sal hulle oor 18 jaar water moet verskaf? (Paragraaf 3)

A 11 miljoen
B 18 mijoen
C 10 miljoen
D 56 miljoen (1)

1.5 Bevolkingsgroei plaas groot druk op die voorsiening van water, maar dis nie die enigste probleem nie, volgens paragraaf 4.

Noem nog TWEE ander faktore wat watervoorsiening kan beïnvloed. (2)

1.6 Al hoe meer mense stroom van die platteland na die stede.

Verduidelik hoe hierdie instroming druk op die waterverbruik kan plaas. (1)

1.7 Skryf die frase in paragraaf 6 neer wat aandui dat prof. Neil Armitage reguit praat wanneer hy sy mening oor mense en die gebruik van water lug. (1)

1.8 Noem TWEE maniere waarop mense water mors? (Paragraaf 8) (2)

1.9 Volgens Randwater gebruik ŉ gesin van vier enige iets tussen 300 en 800 liter water per dag. (Paragraaf 9)

Waarom dink jy kan hierdie sin as ŉ voorbeeld van stereotipering beskou word? (1)

1.10 Dit is nodig om deur samewerking ander bronne van water te ontgin.

Haal één sin uit paragraaf 10 aan wat dieselfde beteken as die sin hierbo. (1)

1.11 Stadsrade ondervind probleme om water te suiwer wanneer damvlakke laag is. (Paragraaf 10)

Skryf TWEE probleme neer wat ervaar word. (2)

1.12 Kies die KORREKTE antwoord uit dié hakies. Skryf slegs die vraagnommer (1.12) en die antwoord neer.

Dit is moeilik om water te suiwer as daar baie slik in die water is, omdat (water nie deur die waterpype kan beweeg nie/daar nie genoeg waterpype is nie.) (1)

1.13 Wanneer water nie behoorlik gesuiwer is nie, smaak dit sleg en mense moet dan hulle eie drinkwater aankoop. (Paragraaf 10)

1.13.1 Verduidelik waarom die aankoop van drinkwater 'n probleem kan wees. (1)

1.13.2 Watter mense dink jy sal die meeste probleme ondervind wanneer daar nie skoon drinkwater in die krane beskikbaar is nie? (1)

1.14 Gee één rede waarom die ontsouting van water uit die oseaan nie 'n oplossing vir die waterkrisis kan wees nie. (1)

1.15 Voltooi die volgende sin deur die woord wat uitgelaat is, in te vul.

Ontsouting is die proses waardeur … uit water onttrek word. (1)

1.16 Al ons waterprobleme sal opgelos word as dit genoeg gereën het en al die damme weer vol is.

Stem jy saam met hierdie stelling? Haal één sin uit paragraaf 12 aan as motivering vir jou antwoord. (1)

1.17 Kies die korrekte antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.17) neer.

Die doel van hierdie artikel is om …

A water aan mense bekend te stel.
B inligting oor die beskikbaarheid van water te verskaf.
C vas te stel hoeveel dit nog gaan reën.
D te verduidelik hoeveel water in damme is. (1)


1.18 Die opskrif van die artikel is: WATER! SPAAR ONS GENOEG?

Sou jy sê die inhoud van die artikel verskaf 'n antwoord op die vraag? Motiveer jou antwoord. (1)

**INLIGTING EN GRAFIEK**

Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS B**




[Verwerk uit: grafika24]

1.19 Voltooi die sin hieronder deur die woord wat uitgelaat is, in te vul.

Volgens die grafiek neem die é dam in die Wes-Kaap die minste water in. (1)

1.20 Waarvoor staan die %-teken? Skryf slegs EEN woord neer. (1)

1.21 Voltooi die sin hieronder deur die ontbrekende woorde in te vul. Skryf slegs die vraagnommers en die antwoorde neer.

Volgens die grafiek was die Theewaterskloofdam die volste tydens die jaar 1.21.1 é , toe dit 1.21.2 é % vol was. (2)

1.22 Kies die antwoord wat NIE KORREK is NIE. Skryf net die letter (Aï D) langs die vraagnommer (1.22) neer, bv. 1.22 E.

Die aanbieding van inligting in grafieke en diagramme is baie effektief, omdat é

A dit baie makliker is om te verstaan.
B dit mense se aandag trek.
C sommige mense nie kan lees nie.
D die inligting reeds verwerk is. (1)

1.23 Indien die grafiek ook 2018 ingesluit het en dit steeds nie gereën het nie, sou die grafiek ón persentasie van (minder/meer) as 36% aangedui het. (1)

1.24 Dink jy dat die diagram inligting oor al die damme in die Wes-Kaap aandui? Motiveer jou antwoord. (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

Lees die teks hieronder deur en voer die instruksies uit.

### INSTRUKSIES

1. Som die SEWE wenke **om water te bespaar** in jou EIE VOLSINNE op.
2. Skryf die wenke puntsgewys neer.
3. Nommer die wenke van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die korrekte getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

### TEKS C

**MAKLIKE WENKE VIR DIE BESPARING VAN WATER**



Suid-Afrika beleef die ergste droogte sedert 1982. Hier is wenke om water te bespaar terwyl waterbeperkings geld.

Daar is baie nuwe toestelle vir storte beskikbaar. Installeer ŉ lae-vloei stortkop wat minder water deurlaat. Toestelle waarmee jy die hoeveelheid water wat deur jou toilet spoel kan reguleer, is beskikbaar. Jy kan die vloei van water beheer deur ŉ multi-spoelstelsel vir jou toilet te kry. Daar is ŉ knoppie vir ŉ kort spoel vir vloeistowwe en ŉ knoppie vir ŉ langer spoel, vir die wegspoel van vaste stowwe. Jy kan daagliks baie water bespaar deur ŉ halwe baksteen in die spoelbak van jou toilet te plaas.

Sommige tuinplante benodig baie water. Plant eerder inheemse plante wat aangepas is by die omgewing en minder water benodig. Dit is nie nodig om suiwer water te gebruik om motors te was nie. Gebruik opgegaarde reënwater om jou motor te was.

Swembaddens gebruik geweldig baie water. Bedek jou swembad met ŉ seil om verdamping te voorkom. Deur lekkende krane te herstel, kan baie water bespaar word. Ons moet almal probeer om soveel water as moontlik te bespaar.

[Verwerk uit: www.goeiehuishouding.co.za]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING C: TAAL

### VRAAG 3: ADVERTENSIE

- Die taalvrae wat volg, is op die advertensie hieronder gebaseer.
- ŉ Opsetlike spelfout kom voor.
- Die nommering in die advertensie verwys na die vraagnommer wat beantwoord moet word.

**TEKS D**

**DIMALACHITE RIVIERKAMP**
**PARYS, VAALRIVIER, WITWATERVAARTE**




(3.4) KOM GENEIT 'N DAG IN DIE (3.5) … SAAM MET ONS!!

(3.6) Jy sal … gate uit geniet!

**PAKKETTE VIR GROEPE**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1. | 40 | mense | AFSLAG 40% | R210,00 p.p. |
| 2. | 10ï 24 | mense | AFSLAG 25% | R270,00 p.p. |
| 3. | 2ï 9 | mense | AFSLAG 15% | R300,00 p.p. |

**Voldag-pakket**
4ï 5 ure, 14 km met middagete op Paradyseiland.
**Halfdag-pakket**
2 ure, vanaf Paradyseiland.

- Bespreek op ons webblad by www.dimalachite@gmail.com
- Dui die aantal roeiers en die datum aan.
- Jou bespreking sal 24 uur nadat betaling ontvang is, bevestig word.

[Verwerk uit: www.dimachiteriverlodge.co.za]

3.1 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (Aï D) langs die vraagnommer (3.1) neer, bv. 3.1 E.

Is jy ŉ <u>woelwater</u>? Kom speel saam in ons <u>woelige</u> waters.

Die onderstreepte woorde in die sinne hierbo is ŉ voorbeeld van:

A Samestellings
B Woordspeling
C Meervoude
D Spelreëls (1)

3.2 Dink jy die volgende stelling is KORREK? Verduidelik jou antwoord.

Die taalgebruik in die advertensie is informeel. (1)

3.3 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die letter (Aï D) langs die vraagnommer (3.3) neer, bv. 3.3 E.

Jy moet dit beleef!

Hierdie woorde is ŉ voorbeeld van é

A sarkasme.
B manipulering.
C oordrywing.
D veralgemening. (1)

3.4 Skryf die woord in die advertensie wat verkeerd gespel is, oor met die korrekte spelling. (1)

3.5 Met watter EEN woord in die advertensie hou die logo ( ) verband? (1)

3.6 Vul die ontbrekende PERSOONLIKE VOORNAAMWOORD in.

Jy sal (é ) gate uit geniet! (1)

3.7 Gee EEN woord uit die advertensie wat aandui dat sekere pakkette goedkoper as gewoonlik aangebied word. (1)

3.8 Voltooi die sin hieronder deur slegs die EEN woord wat uitgelaat is, neer te skryf. Lei jou antwoord af uit die advertensie. Skryf slegs die vraagnommer (3.8) en die antwoord neer.

Hoe é mense daar in ŉ groep is, hoe goedkoper sal die pakket wees. (1)

3.9 Gee die VERKLEINWOORD van die onderstreepte woord in die sin hieronder.

Dui die aantal <u>roeiers</u> en die datum aan. (1)


3.10 Die stelling hieronder is ONWAAR. Verduidelik hoekom.

Sodra jy die betaling gedoen het, sal jy onmiddellik bevestiging van jou bespreking kry. (1)
**[10]**

## VRAAG 4: STROKIESPRENT

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**TEKS E**




[Verwerk uit: www.cartoonimages]

4.1 Skryf die vraag hieronder in die INDIREKTE REDE.

Die seun vra vir sy pa: ñWaarom dryf ys op water?ò (1)

4.2 Kyk na die lyftaal van die pa in RAAMPIE1.

Hoe weet jy dat die pa na die seun luister? (1)

4.3 Gee die INTENSIEWE VORM van die onderstreepte woord in die sin hieronder.

Ys wil <u>warm</u> word. (1)

4.4 Die pa gee opsetlik vir die seun die verkeerde inligting. Waarom dink jy doen hy dit? (1)

4.5 Gee die KORREKTE vorm van die woord tussen hakies.

Ys beweeg na die oppervlak om die (na) aan die son te wees. (1)

4.6 Skryf die sin hieronder in die INFINITIEF.

Jy moet navorsing doen.

Begin só:
Jy behoort é (1)

4.7 Op watter manier word die woord ñWAT?òin die strokiesprent beklemtoon? (1)

4.8 Kyk na die seun se lyftaal in RAAMPIE 3.

Kies die KORREKTE woord tussen die hakies wat die beste beskryf hoe die seun oor sy pa se antwoord voel.

Die seun is (verbaas/ongelukkig) oor sy pa se antwoord. (1)

4.9 Skryf die sin hieronder in die LYDENDE VORM.

Die seun het gereeld navorsing gedoen. (1)

4.10 Gee die ANTONIEM vir die onderstreepte woord in die sin hieronder.

Jy kan <u>baie</u> by my leer. (1)
**[10]**

**VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT**

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel (TEKS F) en die prent (TEKS G) hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

5.1 Lees die artikel en beantwoord die vrae.

**TEKS F**

**WATER EN DIE MENSLIKE LIGGAAM**

Daar is geen voedingstof wat so belangrik vir die menslike liggaam is soos water nie. Die gemiddelde mens kan sowat (5.1.1) 40 dae ï of dalk so ón bietjie meer ï sonder kos leef as hy móét, maar indien hy vir langer as drie tot vyf dae geen water inkry nie, sterf hy.

As jy (5.1.2) 60 kg weeg, is dit ontnugterend om daaraan te dink dat die ñdroëò bestanddele in jou samestelling maar ôn skamele 20 kg weeg. Die ander 40 kg van jou massa is water. Dit beteken dat jy darem meer solied is as ôn (5.1.3) jellievis met sy 95% water, maar steeds dat twee derdes van jou liggaam per gewig in ôn (5.1.4) vloeibare toestand is!

Meer as vier vyfdes van ons bloed bestaan (5.1.5) ... water en sowat ón driekwart van ons brein en spiere ook. Water is die hoofbestanddeel van al die vloeistowwe in die liggaam. Die liggaam benodig water vir feitlik elke (5.1.6) (liggaam+funksie). Dit (5.1.7) (help/hulp) om noodsaaklike voedingstowwe na al ons selle te vervoer, bevorder sirkulasie en vertering en help om metaboliese afvalstowwe weg te voer.

(5.1.8) Ons longe het water nodig. Die slymvliese kan klein deeltjies in die lug vasvang. Andersins sou dit die longe irriteer. Water is ook vir ons noodsaaklik om te kan sweet, sodat ons kan afkoel wanneer ons oorverhit raak.

Dit spreek vanself dat ôn mens moet sorg dat jy genoeg water inkry om jou (5.1.9) liggaam optimaal te laat (5.1.10) (funksie). Hoeveel nou eintlik ñgenoegò is, hang nie net van die persoon se eie massa af nie. Dit hang ook af van hoe aktief die persoon is. (5.1.11) Hitte veroorsaak dat vog vinniger verlore (5.1.12) raak. Só kan die behoefte wissel van een tot sewe liter water per dag, wat nie net uit die kraan getap word om te drink nie, maar ook uit kosse en sappe ingekry word. (5.1.13) Volgens kenners is ses tot sewe glase water (vir ôn gesonde liggaam/nodig/daagliks).

5.1.1 Skryf die getal 40 in die sin hieronder as ón woord.

Die gemiddelde mens kan ongeveer 40 dae sonder kos leef. (1)

5.1.2 Skryf die AFKORTING ñkgò volledig uit.

As jy 60 kg weeg, is daar maar 20 kg ñdroëò bestanddele in jou liggaam. (1)

5.1.3 Gee die MEERVOUD van die onderstreepte woord in die sin hieronder.

Jy is darem meer solied as ón jellievis. (1)

5.1.4 Verdeel die onderstreepte woord in die sin hieronder in LETTERGREPE.

Twee derdes van jou liggaam is in ón vloeibare toestand. (1)

5.1.5 Vul die ontbrekende VOORSETSEL in.

Meer as vier vyfdes van ons bloed bestaan é water. (1)

5.1.6 Vorm ón SAMESTELLING van die woorde tussen hakies.

Die liggaam benodig water vir feitlik elke (liggaam+funksie). (1)

5.1.7 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies.

Dit (help/hulp) om noodsaaklike voedingstowwe na al ons selle te vervoer. (1)

5.1.8 Verbind die sinne hieronder deur gebruik te maak van die VOEGWOORD tussen hakies.

Ons longe het water nodig. Die slymvliese kan klein deeltjies in die lug vasvang. (sodat) (1)

5.1.9 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die letter (Aï D) langs die vraagnommer (5.1.9) neer, bv. 5.1.9 E.

ñé om jou **wonderlike** liggaam é ò

Die vetgedrukte woord in die sinsnede hierbo is ón voorbeeld van ón é

A bywoord.
B selfstandige naamwoord.
C voorsetsel.
D byvoeglike naamwoord. (1)

5.1.10 Gee die KORREKTE vorm van die woord tussen hakies.

Water is nodig om jou liggaam optimaal te laat (funksie). (1)

5.1.11 Herskryf die sin hieronder.

Hitte veroorsaak dat vog vinniger verlore raak.

Begin so: Hoe meer hitte daar is é (1)

5.1.12 Gebruik die vetgedrukte woord in die sin hieronder as ʼn HOMONIEM in ʼn sin wat die betekenis van die woord duidelik maak.

Hitte veroorsaak dat vog vinnig verlore **raak**. (1)


5.1.13 Skryf die sin hieronder oor en RANGSKIK die woorde in die hakies in die korrekte VOLGORDE.

Volgens kenners is ses tot sewe glase water (vir ʼn gesonde liggaam/ nodig/daagliks). (1)

5.2 Kyk na die prent en beantwoord die vrae.

**TEKS G**

..



[Verwerk uit: www.cartoonimages]

5.2.1 Kies die KORREKTE woord uit die lys hieronder om die sinne mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer (5.2.1(a)ï 5.2.1(c)) en die antwoord neer.

| |
|---|
| sink; agter; badkamer; toilet; waskamer; voor; skottel; wasbak |

(a) Die vertrek waarin die man staan, is die é (1)

(b) Hy tap water in die é (1)

(c) Daar staan ʼn plant é die spieël. (1)

5.2.2 Kies die korrekte antwoord tussen hakies. Skryf net die antwoord neer.

Deur die venster kan ons die (boom/boome/bome) in die tuin sien. (1)

5.2.3 Skryf die volgende sin in die ONTKENNENDE VORM.

Die man gebruik die water spaarsaam. (1)

5.2.4 Water word DENOTIEF gebruik in die sin hieronder. Verduidelik wat dit beteken.

Water is noodsaaklik vir lewe. (1)

5.2.5 Wat dink jy kon die man doen om minder water te gebruik, terwyl hy sy tande geborsel het? (1)

**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou